VulaLearn

# *Afrikaans Eerste Addisionele Taal*

# *Graad 11*

# *Begripstoets Memorandum*

Question 1:

1.1 Waarvoor staan hierdie simbool? (1)



Hierdie simbool staan vir 'verminder, hergebruik en herwin'.

1.2 Wanneer word Wêreld-Omgewingsdag gevier? (1)

Wêreld-Omgewingsdag word of 5 Junie gevier.

1.3 Noem vier maniere waarop daar elektrisiteit in julle huis bespaar kan word. (4)

Gebruik gloeilampe wat minder energie gebruik, in jou kamer of in die hele huis. Skakel onnodige ligte af. Trek die laaier uit die muurprop uit nadat jou selfoon gelaai het en jy die muurprop afgeskakel het. Skakel toestelle, soos TV's, by die muurprop af as jy hulle nie gebruik nie. Skakel die verwarmer af en gebruik liewers komberse en baadjies.

1.4 Verduidelik wat "bystandsmodus" beteken. (1)

"Bystandmodes" beteken dat 'n toestel in 'n wagtende stadium is. Dit is afgeskakel op 'n oppervlakkige wyse – die skerm is donker en die ligte is af. Maar, die toestel se programmering werk in die agtergrond en gebruik dus krag.

1.5 Waarom is dit juis in Namibië belangrik om eerder te stort as te bad? (2)

Namibië het gereeld 'n tekort aan water omdat dit 'n droë gebied is. Om te stort gebruik baie minder water as om te bad. Dus kan jy baie water spaar deur om te stort in plaas van om te bad, wat 'n baie positiewe effek op die omgewing sal hê.

1.6 Dis baie belangrik om bome te beskerm en te bewaar. Verduidelik waarom dit so belangrik is. (2)

Bome is noodsaaklik vir die Aarde se gesondheid. Bome gebruik koolstofdioksied, wat motors en fabrieke vrystel, om suurstof en voedsel te maak.

1.7 Op watter wyse kan daar verhoed word dat daar onnodig baie bome afgekap word vir menslike gebruik? (1)

Die herwinning van papier kan verhoed dat onnodig baie bome afgekap word.

1.8 Noem enige manier waarop mense bewus gemaak kan word van bewaring en herwinning. (1)

Sosiale media platvorms ens.

1.9 Wat doen jou skool om te help om die aarde 'n "groener" plek te maak? (1)

Eie mening. Enige sinvolle atwoord. Byvoorbeeld: My skool hou elke jaar herwinningskompitisies tussen die grade om te kyk watter graad die meeste kan herwin. / My skool maak gebruik van sonkrag. (Ens.)